Bundel A: Die begin

Week 03: Abraham

Dag 4: Die teken van die verbond (Genesis 17:9-16).

Gebed

Raak stil voor God en vra dat, gedurende hierdie stiltetyd, Hy

- Jou hart ten volle op Hom sal laat fokus.
- Jou oë sal oopmaak vir wat daar werklik in Sy Woord staan.
- Jou hart so vol sal maak van die Gees dat daar nie plek is vir iets anders nie.
- Jou sal laat oorloop van die veugde wat jy in die Woord sal vind.

Lees deur die bril

Voor jy die teksgedeelte lees, onthou jy moet lees om die volgende oorkoelende vrae te belig:

- *Hoe beklemtoon die skrifgedeeltes die allesomvattende heerlikheid van God?*
- *Hoe belig hierdie tekste, of ander kruisverwysings, die getroue Verlosser, Jesus Christus, se onverdiende reddende werk as jou enigste troos in lewe en sterwe?*
- *In die lig van die tekste, hoe word jy daagliks vernuwe deur die Heilige Gees en so met vreugde gevul, dat dit oorvloei in 'n Gees beheerde gehoorsaamheid van geloof en dankbaarheidslewe van liefde, wat gewortel is in die kruis van Christus en sal lei tot eer van God?*

Bybelstudie

Lees nou Genesis Gen 17:9-16. Lees dan ook die teksgedeeltes by elke vraag en laat die vrae jou lei in jou oordenking van die gedeelte.

1. *Hoe oud was Abraham toe God die verbond sluiting voltooi het (Gen 17:1)?*
2. *Watter verbondsteken gee God (Gen 17:11)?*
3. *Is Jesus besny (Luk 2:21)? Is Hy gedoop (Mat 3:13-17)?*
4. *Watter teken het in die plek van die besnydenis gekom (Gal 6:12-14, Kol 2:9-15, Mat 3:11)?*
5. *Hoe wys die doop op die vergewing van sondes (Rom 6:3-4, I Pet 3:21, Kol 2:11-12, Op 7:13-14)?*
6. *Hoe wys die doop op heiligmaking (Rom 6:3-4, Ef 5:25-27, I Kor 6:11)?*

Lof en aanbidding

- Lees die gedig as lofprysing (of gebruik enige ander vorm van lofprysing – lees 'n Psalm, sing of luister na 'n gepaste geestelike lied).

God bevestig sy verbond met 'n teken

Abraham, al is jy al nege en negentig,
moet jy nou besef: Ek is God almagtig. (Gen 17:1)
Ek sluit ’n verbond met jou wat ewig bly.
Jy sal ’n groot nageslag van my kry.
Jou nageslag sal hierdie land besit.
Besny as teken, elke manlike lid. (Gen 17:7-11)

God bevestig sy verbond met 'n teken

Hierdie verbond wat ewig bly,
geld ook nog vir jou en my.
Ja, met bloed is ons gekoop
en die teken daarvan is die doop. (Kol 2:9-15)
Jou lewe kan nou anders wees,
want jy is gedoop met die Gees. (Mat 3:11, Rom 6:3-4)

Sluit af met gebed

Gebruik dit wat jy sopas ervaar het om tot God te bid.

As jy riglyne nodig het, gebruik die volgende:

- Prys God vir sy grootheid en gee aan Hom alle eer.
- Bely jou swakhede.
- Dank Hom vir wat Hy vir jou gedoen het.
- Doen voorbidding vir jou en die mense om jou.